



OUTA X SIR
E.K. MOORCROFT
SA. PARLIMENT

3/02/98

Bele Outa,

Baie dankie vir die interessante
papiere wat u aan my gestuur het. Dit
was goed om te verneem dat u nog gesond
en bedrywig is. Ek hoop dat alles nog
goed met jou gaan, en dat al die baie
harde menskaplike werk wat u deur
die lang jare uitgeoefen het nou begin
vrugte dra. Die pad wat u gekies het
om te loop is nie maklik en nie eenvoudig
u dra 'n ongewilde boodskap uit d.w.s.
dat as jy bevoororing wil maak in die
lewe is daar net een wyse, en die is
deur harde werk en ywer. Daar is te veel
mense in ons land wat terugsit en wag
vir die Kersfees Vaal (die Regering) wat
sal kom om al die gevogte goetere
vernieel uit te gee. Die van ons wat ver-
dien nie en dat mense eendol opgevoel moet
word. As elke werkbare man
in die land u voorbeeld sou gevolg
het Outa, dan was hierdie land van
ons baie gelukkiger en veiliger plek
met alle goeie wese.

Maart 1999

Outa Lappies het raad vir gevangenes

During February Outa Lappies visited the Prince Albert Prison to talk to the prisoners about work, time and recycling. He brought examples and photographs of his "lappies" and "light houses" with him and made a presentation of one of his lamps and a wood carving to the prison.

Outa is in 'n unieke posisie om met die gevangenes te praat, want hy het self agter die mure van 'n gevangenis gesit en sy hele filosofie is hoe om "something out of nothing" te maak. Hy weet hoe ontmoedigend dit kan wees om net te sit sonder werk en sonder vryheid, en hy wil hê dat die gevangenes kunslyte moet leer om hul tyd vol te maak, om vir hulle 'n bietjie geld in te samel en sodat hulle, wanneer hulle vonnis uitgedien, bekwaamhede sal hê wat vir hulle werk kan gee daar buite. Soos Outa se: "Tyd is daar om te werk, nie om te sit nie!"

Moses Seekoei who heads the Prince Albert prison has appealed to local residents who have skills they would be willing to teach to contact him. He is very keen to establish training possibilities for the prisoners which would equip them for a positive, law-abiding life upon their release. Craft workshops would also help them feel that the time they are imprisoned has a constructive aspect. If you feel you can assist in this project please telephone Mr Seekoei at the prison: 5411 440.

Outa het vir die gevangenes gesê dat hy hulle oor drie maande weer sal besoek om weer met hulle te praat en om uit te vind of hulle met kunslyt begin het. Sy sluitingsboodskap was: "Jy het jou reg maar jy moet reg lewe - so leer hoe om dit te doen." Een van die manne het gesê hoe hy sy skoonmaakwerk elke dag uitrek sodat hy iets het om te doen vir so lank moontlik. Anders moet hy net sit. Hy wil graag meer werk doen as hy net die kans kry. As jy dink jy kan die gevangenes iets leer, skakel asseblief vir Moses Seekoei by die gevangenis. 5411 440.

Reg: Outa met personele en manne by die gevangenis

Prince Albert Friend

Pampoene vir Afrika

In die wintermaande van 1998 het die departement van Natuurbewaring die



Moses Seekoei, Kerneels Skaarnek en Willem Freysen by die rooi trekker wat die mybare aarde omgedolwe het om 'n verstommende oes te lever.

Plaaslike Bestuur van Korrektiewe Dienste in Prince Albert tegemoet gekom deur grond in De Beersstraat aan te bied waarop groente gekweek kon word. Areabestuurder Moses Seekoei en projekbestuurder Kerneels Skaarnek het 'n landbouspan van agt gevangenes saamgestel en Sas de Kock en Willem Freysen is genader om te kom help ploeg. Daarna is die span met skoffels, grawe en saad in die lande in en dit het omtrent gesweet en geswoeg onder die Karoo-son, maar vandag spog almal met die ongelooflike oes van 200kg pampoene en 380 Van-Niekerkpampoene. Vir die komende winter is die spens vol pampoene en daar kon selfs oorgeplaas word na die George bevelsarea.

P.A. Korrektiewe Dienste is besonder trots op wat hulle vermag het en verkondig wyd en syd dat hulle nou selfversorgend is wat groente betref, hoewel hulle nie kan nalaat om Brandvlei te bedank vir die raad wat hulle so gul gee wanneer daar iewers 'n haakplak kom nie.

Op die oomblik is die volgende oes in die grond en almal hou die aartappels, patats, wortels, beet, melies, skorsies en boontjies met afwagting dop om te sien of die rekords gaan bly staan of geslaan gaan word. Op verlede seisoen se pampenskaal het die Van Niekerk op 11,5kg ingeweeg en die kampioen-murgpampoene het die wyser op 9,8kg laat bewe. Dit is ook 'n uitdaging om te kyk of daar weer (of selfs meer) as 380 pampoene op 80m² grond afgemaak sal kan word.

KS

